

CMR NOORD / NORTH

T: (012) 460 9272/3/4 (Head Office) E: cmr@cmrn.co.za F: (012) 460 8531

PO Box 2037, Groenkloof, 0027 NPO Nr: 015-917

Chairman: Ds. D.H. Janse Van Rensburg | General Manager: Dr. R. Aylward

www.cmrn.co.za



Ons gee hoop · Refa tshepo
WE GIVE HOPE

VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE BESTUURDER: CMR NOORD

HERINSTELLING VAN DIE CPO-STATUS VAN CMR NOORD IS NIE NET 'N OORWINNING VIR DIE ORGANISASIE NIE, MAAR OOK VIR DIE KWESBARE GEMEENSAPPE EN KINDERS WAT DEUR DIE ORGANISASIE BEDIEN WORD

6 Julie 2022, Pretoria. Gister het die Hooggeregshof 'n tussentydse bevel ten gunste van CMR Noord gemaak na aanleiding van die organisasie se dringende aansoek om die status as kinderbeskermingsorganisasie (KBO) te herstel weens die herroeping daarvan deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) op 8 Junie 2022. Die herinstelling word gedoen hangende beoordeling van die CMR Noord se hersieningsaansoek. Hierdie positiewe uitkoms is nie net 'n groot oorwinning vir CMR Noord nie, maar ook vir die kwesbare gemeenskappe waar die organisasie noodsaaklike dienste lewer.

Maatskaplike werk is 'n gespesialiseerde veld wat dienste behels wat daarop gemik is om die maatskaplike funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe te verbeter. Nie-statutêre maatskaplikewerkdienste sluit tipies voorkomings- en vroeë intervensieprogramme met die oog op gesinsbewing in, sowel as armoedeverligting- en gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Statutêre maatskaplikewerkdienste is spesifiek van toepassing op kindermishandeling en -verwaarloos. Ingevolge die Kinderwet moet enige persoon wat vermoed dat 'n kind mishandel of verwaarloos word, dit aanmeld. Hierdie gevalle kan óf aangemeld word by 'n polisiebeampte óf 'n maatskaplike werker wat vir 'n KBO soos CMR Noord werk, wat die administratiewe funksies van die wet mag toepas om dit aan te spreek. 'n KBO is 'n nie-winsgewende maatskaplikewerkdiensorganisasie wat geregistreer is en as sulks aangewys is deur die DMO soos voorgeskryf deur die Kinderwet.

Om kinders teen mishandeling en verwaarloos te beskerm, moet al die partye betrokke by hierdie kinderbeskermingsdienste nou saamwerk, insluitende maatskaplike werkers en organisasies, die Suid-Afrikaanse Polisiedienste (SAPD), die DMO en die Kinderhof. Om vennootskappe te beëindig wat instrumenteel is in die lewering van hierdie dienste, of wat die vlak van dienste wat gelewer word op enige manier in gevaar stel, is 'n onreg teenoor die einste kinders, individue en gemeenskappe wie hierdie dienste ontvang. "Om hierdie rede is ons besonder dankbaar dat die CMR Noord se KBO-status deur 'n tussentydse Hooggeregshofbevel herstel is," sê Dr Ronel Aylward, Algemene Bestuurder van CMR Noord.

Die CMR Noord bestaan al vir meer as 86 jaar, en die huidige aanwysing as 'n KBO is in 2020 hernu, wat geldig is vir 'n vyfjaar-siklus tot 2025. Oor jare heen, was CMR Noord 'n sleutelvennoot van die DMO om te help verseker dat beide nie-statutêre en statutêre maatskaplikewerkdienste effektief gelewer word in die aangewese gebiede. Boonop is CMR Noord gereeld deur die DMO geprys vir die goeie werk wat die organisasie lewer.

CENTRES OF HOPE:

GAUTENG:

Child Protection Centre
012 654 6026
Lynnwood
012 348 4500/348 0003
Daspoort/Pretoria-West
012 379 5860
VOS Community Centre
012 341 2318

Child Centre
012 333 0421
Derdepoort
012 800 4866
Valhalla
012 660 2366
Wonderboom
012 567 4551

Lotus Gardens
065 815 2240
Moot
065 818 5489
Pretoria-North
065 817 6162
Soshanguve
065 883 1907

NORTH WEST:

Brits
012 252 3207

LIMPOPO:

Louis Trichardt
015 516 5115
Messina (Musina)
015 534 0245
Warmbad (Bela Bela)
014 736 2557



CMR NOORD / NORTH

T: (012) 460 9272/3/4 (Head Office) E: cmr@cmrn.co.za F: (012) 460 8531

✉ PO Box 2037, Groenkloof, 0027 NPO Nr: 015-917

Chairman: Ds. D.H. Janse Van Rensburg | General Manager: Dr. R. Aylward

www.cmrn.co.za



Ons gee hoop · Refa tshepo
WE GIVE HOPE

Die herroeping van CMR Noord se KBO-status volg op 'n ongegronde verklaring van die departement dat CMR Noord vrywilliglik sy KBO-registrasie onttrek het, sowel as 'n onlangse gehalteversekeringsoudit wat deur die provinsiale DMO uitgevoer is. Die DMO het egter tot op datum nog nie enige stawende dokumente of rekords aan die CMR Noord verskaf nie, ten spyte van talle versoeke, en as sodanig is die organisasie nie 'n billike geleentheid gebied om enige bevindings met die DMO te bespreek of daarop te reageer nie.

CMR Noord se diensleweringsgeskiedenis spreek egter vanself. Weens die tipies wisselvallige en traumatiese aard van die omgewing waarin maatskaplikewerkdienste gelewer word, is dit nie vreemd dat klagtes van tyd tot tyd ingedien sal word. Oor die afgelope 25 jaar byvoorbeeld, het geen van die aanklagte wat teen die organisasie gebring is tot skuldigbevindinge gelei nie, en die voltydse, deeltydse of gekontrakteerde maatskaplike werkers van CMR Noord wat by hierdie gevalle betrokke was, is ten volle vrygespreek van enige aanklagte van wangedrag.

Sake wat reeds in die verlede afgehandel is, is onlangs deur die media onder die vergrootglas geplaas. Toe CMR Noord deur die media genader is hieroor, het die organisasie duidelik aangedui dat die organisasie nie onwillig is om kommentaar te lewer nie, maar dat daar nie dadelik kommentaar gelewer kan word nie. Die rede hiervoor is tweeledig. Eerstens, as deel van die etiese verantwoordelikheid van die organisasie en in ooreenstemming met die Kinderwet, moet buitengewone sorg en oorweging aan die dag gelê word wanneer inligting oor kinders in die publieke domein openbaar gemaak word om hierdie kinders se waardigheid en identiteit te beskerm. Indien die besonderhede van 'n kwesbare persoon of kind se saak in die openbaar bespreek word, kan dit lei tot selfs meer trauma as wat reeds ervaar is. Terselfertyd wil die organisasie aan al die ander kinders wie steeds onder die organisasie se sorg is, die gemoedsrus bied dat hulle inligting ten alle tye vertroulik hanteer sal word deur CMR Noord.

Tweedens is CMR Noord besig met regsansoeke in reaksie op sommige van hierdie beskuldigings, wat afgehandel sal word sodra as wat al die betrokke partye die geleentheid gehad het om hul weergawe voor die hof te plaas, sodat die hof dit kan beoordeel. Op advies van die CMR Noord regspan, kan besonderhede hiervan ook nie op hierdie stadium in die openbaar bespreek word nie. "In wese is die tussentydse bevel om die herinstelling van CMR Noord se KBO-status die eerste van talle verwagte deurbrake," sê dr Aylward. "Ons is nederig vol vertroue dat reg sal seëvier en dat die reputasie en integriteit van CMR Noord ten volle herstel sal word."

Ronel Aylward

Algemene Bestuurder/General Manager: CMR Noord/North
BA (MW), MBA & DTech (Organisational Leadership)

NPO NR: 015-917

E-pos / E-mail: manager2@cmrn.co.za

Tel: (012) 460 9272x2

Faks / Fax: 086 5967 403

www.cmrn.co.za

Posbus / PO Box 2037, Groenkloof, 0027

CENTRES OF HOPE:

GAUTENG:

Child Protection Centre
012 654 6026

Lynnwood
012 348 4500/348 0003

Daspoort/Pretoria-West
012 379 5860

VOS Community Centre
012 341 2318

Child Centre
012 333 0421

Derdepoort
012 800 4866

Valhalla
012 660 2366

Wonderboom
012 567 4551

Lotus Gardens
065 815 2240

Moot
065 818 5489

Pretoria-North
065 817 6162

Soshanguve
065 883 1907

NORTH WEST:

Brits
012 252 3207

LIMPOPO:

Louis Trichardt
015 516 5115

Messina (Musina)
015 534 0245

Warmbad (Bela Bela)
014 736 2557

